KIXPIRASIE KWARTAAL 3 2022

Dit is tyd om te beweeg

Benodigdhede: ‘n Groot pak lekkers

Aktiwiteit: Elkeen kry ‘n geleentheid om soveel lekkers as wat hulle wil uit die sak te neem. As almal klaar is, moet die persone vir elke lekker wat hulle geneem het, iets in hulle lewe noem wat vir hulle “comfort” gee of waar hulle voel dit is hulle gemaksone.

Gesels saam:

- Op watter plek voel dit vir jou dat jy vir ewig daar kan bly sit en net nie wil opstaan nie? (bv. voor vuur, in jou bed, gunsteling vakansiehuis, ens.)
- Wat is so spesiaal aan daardie plek dat jy juis dáár nie wil weggaan nie?

Lees: Eksodus 14:15-16 – *“Die Here vra toe vir Moses: “Vir wat staan julle so en roep na My om julle te help? Sê vir die Israeliete hulle moet begin beweeg. Lig op jou kierie en steek jou hand uit na die see se kant toe. Die water sal voor julle oopmaak sodat die Israeliete op droë grond deur die see kan loop.”*

Daar staan die Israeliete voor die Rooisee met Farao en sy span agter hulle aan. Wat doen hulle toe? Bid tot God. Maar wat interessant is, is God se reaksie hierop. God vra vir Moses hoekom hulle net rondstaan en na Hom roep. Dan sê Hy: “Sê hulle moet begin beweeg.” Dit is asof die Israeliete ‘n gemaksone begin betree deur vir God te bid en by Moses te kla. Maar God het geweet as hulle net gaan bly bid, gaan hulle nie die wonderwerk beleef wat Hy gaan doen nie. Hulle moes eers begin beweeg.

Ons kan ook baie keer hiermee assosieer. Daar is tye in die lewe wanneer ons oor 'n besluit bid en al wys God ons wat om te doen, haak ons net vas op die pad. Dit word soos ‘n gemaksone vir ons. So, die maklikste om dan te sê is: “ek bid steeds daaroor” - oor en oor, in plaas daarvan om vorentoe te beweeg. Baie keer voel dit in ons Kix-bediening dat ons ‘n Rooisee in die gesig staar en bid dan tot God – en dit is belangrik – maar soms sê God vir ons: “Hou op in jou gemaksone sit en bid en begin beweeg.”

Dis soos die verhaal van die man wat tydens ‘n groot vloed vasgevang was op ‘n huis se dak en hy het vir die Here gebid en gevra om hom te red. En soos hy bid, kom daar ‘n roeibootjie verby en sê hy moet opklim, maar hy wou nie. Terwyl hy bly bid, kom ‘n motorboot verby en daarna ‘n helikopter, maar die man wou nie opklim nie. En nadat hy sterf en in die hemel kom, vra hy vir die Here: “Maar hoekom het U my nie gered nie?” En die Here sê vir hom: “Ek het ‘n roeiboot gestuur, ‘n motorboot gestuur, ‘n helikopter gestuur. Wat wou jy meer hê?”

As KIX-leier gaan jy baie keer uitgedaag word met oomblikke wat jy voel jy weet nie meer hoe julle gaan aangaan of kan vorentoe gaan nie, maar ek wil vandag vir jou herinner dat dieselfde God wat vir die Israeliete ‘n pad deur die see gemaak het, vandag saam met jou is om vir jou die pad wat Hy reeds vir jou gemaak het, te wys. So, bly biddend, maar staan op en loop, want elke tree in jou Rooiseepad is ‘n tree van getuienis oor God se Almagtigheid.

Geniet jou gemaksones, maar staan in geloof op en durf elke Rooisee situasie aan! Jy is geroep daarvoor!

Deel die volgende met mekaar:

- Is daar ‘n situasie in jou KIX-bediening wat jy voel jy nie weet hoe om te hanteer nie?

- Het jy al so Rooisee situasie in jou KIX-bediening, of in jou persoonlike lewe beleef? Hoe het jy God se leiding daarin beleef?

Bid vir mekaar: Draai twee-twee na mekaar toe en bid vir mekaar.